HOËRSKOOL JAN VAN RIEBEECK
— WEES JOUSELF —
Kloofstraat 129, Tuine, Kaapstad | Tel: +27 21 423 6347 | Faks: +27 21 424 5520

Geagte Ouer/Voog

Hoërskool Jan van Riebeeck se Winterbal vind op Donderdag, 18 Augustus 2022 plaas. Hierdie projek word deur die graad 12's geloods om fondse in te samel vir hulle graad 12-geskenk aan die skool.

Metgeselle van ander skole mag slegs die funksie bywoon indien hul die onderstaande voltooide afskeurstrokie inhandig met 'n afskrif van hulle identiteitsdokument voordat hulle die lokaal binnegaan. Die metgesel moet ook sy/haar skool se stempel op die afskeurstrokie aanbring.

Die koste beloop R 100 p.p. vir Hoërskool Jan van Riebeeck-leerders of R 140 p.p. indien 'n hamburger en koeldrank ingesluit is. Vir leerders buite die skool beloop die kaartjies R150 p.p. of R 190 met 'n hamburger en 'n koeldrank ingesluit. Alle kaartjies kan op *Karri* gekoop word.

Reëls vir die Winterbal:

- Alle leerders sal tydens die funksie Hoërskool Jan van Riebeeck se gedragsreëls en algemene reëls van die WKOD betreffende skole en skoolterreine, asook optrede van leerders, gehoorsaam.
- Geen leerder sal op die skoolterrein toegelaat word as daar tekens is dat hy/sy onder die invloed van drank of ander verbode middeld is, wat sigarette insluit, nie. Indien leerders nie hierdie reëls gehoorsaam nie, sal hul onmiddellik van die skoolgrond verwyder word deur sekuriteit en /of die Suid-Afrikaanse Polisie sal rakende ernstige oortredings in kennis gestel word.
- Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir enigiets wat met leerders gebeur voor hul die skoolterrein betree of nadat hul dit verlaat het nie. Partytjies wat voor of na afloop van die funksie gehou word, is nie deel van Hoërskool Jan van Riebeeck se winterbal nie.
- Wanneer leerders die funksielokaal verlaat, mag hul nie weer terugkom nie.
- Ouers/voogde moet asseblief hul kinders op die laatste 22:30 by die skool oplaai na afloop van die geleentheid.

By voorbaat dankie vir u samewerking.

Liza Serrao
Graadhoof
(liza.serrao@janvanriebeeck.co.za)

✂----------

Handig voltooide afskeurstroke en afskrif van identiteitsdokument in voor leerder funksielokaal betree.

Ek, ...(ouer se volle naam en van),
ouer van..... (leerder se volle naam en van)
in graad ..... van .....(skool se naam),
.....(skool se telefoonnommer) gee toestemming dat my dogter/seun die Jan van Riebeeck se winterbal op 18 Augustus 2022 mag bywoon. Ek neem kennis van die reëls hierbo en aanvaar hiermee dus volle verantwoordelikheid vir my kind se veiligheid en gedrag gedurende die aand. Ek het seker gemaak dat my kind bewus is van die reëls.

Skool se stempel

....
Handtekening Foon (sel of landlyn) Datum